

LAEVELD AGROCHEM

GR



EI

Uitgawe 31: 2026 Herfs

GEWASBESKERMING

Rygewasproduksie en die druk van winsgewendheid

Rhyzobug – biological control

Beskerming teen Lepidoptera-larwes

Onkruidbeheer in lusernweidings

Weerstand teen insekdoders

IPM strategy for sclerotinia white mould in canola

PLANTVOEDING

World of biological fertilisers

RELEASE LPH™ – soil biology meets root performance

Sink onder die vergrootglas

Gepatenteerde boor- en kaliumtegnologie

Hoë-pH gronde

TEGNOLOGIE

Biostimulante is 'n tegnologie in wording

Saam boer ons vooruit

GEWASBESKERMING | PLANTVOEDING | PRESISIEDIENSTE

www.laeveld.co.za



LOCALLY PRODUCED NICHE PRODUCTS

Wow! buy



YOUR ONLINE STORE
FOR INCREDIBLE DEALS

Carnivorous Plants • Agriculture Books • Craft Gin
• Artisan Soaps • Body Creams • Roasted Coffee
Beans • Rooibos Tea • Cheese • Caviar • Honey •
Genesis Protein Meals • Scarves • Socks • It's
Bright • Nutritional Products... and much more.



www.wowbuy.co.za



Laeveld



[company/laeveld-agrochem](https://www.linkedin.com/company/laeveld-agrochem)



[agrochemlaeveld](https://www.instagram.com/agrochemlaeveld)



[Laeveld Agrochem](https://www.youtube.com/channel/UC...)



www.laeveld.co.za



Laeveld Agrochem (Edms.) Bpk. Rigellaan 410, Erasmusrand, Pretoria, Suid-Afrika.

Reg. nr. 1991/004865/07. T: 012 940 4398, E: info@laeveld.co.za.



LAEVELD AGROCHEM GROEI 31

Inhoudsopgawe

- 2 Boodskap van Kobus Meintjes
- 3 Groete van Corné Liebenberg
- 4 Laeveld Agrochem – 82 Depots
- 5 Nuwe LAC-agente & -bestuurders
- 6 Rygewasproduksie en die druk van winsgewendheid
- 10 World of biological fertilisers – Incite® ST, MicroPhos® Grains and Criss Cross™
- 14 Rhyzobug – A promising biological control agent for the macadamia felted coccid
- 17 Genesis – Hoë-proteïen, gebalanseerde maaltyd vir almal
- 18 The hidden season of success – Why flower induction defines citrus yields
- 22 Tweeledige beskerming teen Lepidoptera-larwes
- 24 Biostimulante: 'n Tegnologie in wording
- 28 Multicote™ Agri: Doeltreffende voedingstofbenutting
- 30 RELEASE LPH™: Where soil biology meets root performance and yield
- 34 BRIGHT^{BLUE} and BRIGHT^{RED}
Colour that stays, accuracy that delivers
- 36 Mikro-elemente as plantvoeding: Sink onder die vergrootglas
- 40 Hou jou groen goud skoon: Onkruidbeheer in lusernweidings
- 43 Gepatenteerde boor- en kaliumtegnologie
- 44 How temperature and climate shape the use of beneficial insects in IPM programmes
- 46 Weerstand teen insekdoders
- 50 Hoë-pH gronde: 'n Unieke oplossing vir pekanneute
- 52 Water-soluble & ANAS 26 (AG): Advanced nitrogen fertiliser
- 54 IPM strategy for sustainable management of sclerotinia white mould in canola
- 58 Groei Power Lawn: Die kunsmis wat Suid-Afrikaanse grasperke transformeer
- 60 Die effek van meganisasie in die mengbaarheid van gewas-beskeringsmengsels
- 63 Help build our country with AgricULTSURE seed packs
- 64 Die seisoen draai en fosfaat kom eerste
- 67 Wen teen bosindringing
- 68 Stop Bek-en-Klouseeer
- 69 Sunshine Leisure

MAART 2026

VRYWARING: GROEI is saamgestel deur Laeveld Agrochem (LAC) met artikels ontvang van verskillende verskaffers in die industrie. LAC kan nie verantwoordelikheid neem vir die tegniese inhoud van die artikels nie.

© *Kopiereg.* Die publikasie en artikels bly die eiendom van Laeveld Agrochem en die maatskappy se verskaffers. Alle regte voorbehou. Alle publikasie-navrae kan gerig word aan info@laeveld.co.za.

Die inligting in die tydskrif word in goeder trou na die beste van ons vermoë verskaf, maar die bedoeling is om inligting te deel en nie om aanbevelings te maak nie – enige kliënt moet altyd steeds sy/haar naaste Laeveld Agrochem-agent raadpleeg vir advies of aanbevelings.



BOODSKAP VAN Kobus Meintjes

Hoof-uitvoerende beampte



Ons kies hoe ons reageer!

Daar is 'n magiese energie wat slegs 'n veranderende seisoen kan bring – die opwindende van produsente wat voorberei vir die oes, en daardie subtiele verskuiwing tussen wat was en wat nog gaan kom.

Dis 'n tyd waar ons begin uitsien na die oes, maar ook een wat soms gepaard gaan met onsekerheid en afwagting. Laeveld Agrochem waardeer dit om deel te wees van iets betekenisvol wat voorlê. Daarom is dit vir ons 'n voorreg om in hierdie tyd die 31ste uitgawe van ons Groei-tydskrif bekend te stel.

Ons weet dat daar tans verskeie uitdagings is wat druk op produsente plaas. Kommoditeitspryse bly onder druk, en daar is toenemende kommer oor maontlike stygings in insetkoste en die beskikbaarheid van produkte vir die komende seisoen. Dit skep 'n omgewing waar besluite nie maklik geneem word nie, en waar elke keuse 'n groter impak het. Tog is dit juis in sulke tye wat ons moet fokus op dit wat ons kan beheer.

By Laeveld Agrochem bly ons getrou aan ons doel, om 'n werklike impak te maak deur ons verhoudings en deur voortdurende innovasie. Ons glo dat volhoubare groei begin by vertroue, en by die vermoë om saam met ons produsente praktiese oplossings te ontwikkel wat op plaasvlak werk.

Ons fokus bly daarop om produsente te ondersteun om die beste maontlike opbrengs op hul belegging in plantvoeding en gewasbeskerming te realiseer. Dit doen ons nie net deur produkte nie, maar deur diens, kundigheid en 'n werklike teenwoordigheid op die plaas.

Hierdie uitgawe van Groei weerspieël daardie ingesteldheid, 'n fokus op praktiese insigte, nuwe idees en die waarde van samewerking met ons vennote. Dit herinner ons dat, al kan ons nie altyd die omstandighede beheer nie, ons wel kan kies hoe ons daarop reageer.

Sterkte met die oesseisoen wat voorlê. Mag dit 'n tyd wees van beloning vir die harde werk wat reeds ingesit is. **Baie dankie aan elke produsent en vennoot wat deel is van hierdie pad saam met ons.**

GROETE VAN Corné Liebenberg

Direkteur: Markontwikkeling en innovasie



Beste vriende

As boerdery maklik was, sou almal dit gedoen het. Maar as almal dit gedoen het, sou ons waarskynlik lank voor die kos opgeraak het ons geduld verloor het.

In Suid-Afrika het produsente nog nooit die luuksheid van maklike seisoene beleef nie. Van uitdaging soos onvoorspelbare weer, stygende insetkoste, veranderende markte en die onvoorspelbaarheid van oorloë aan die ander kant van die wêreld wat kunsmispryse hier laat styg. Boer was nog nooit maklik nie, en is beslis nie vir die "faint-hearted" nie! En tog, jaar ná jaar dra sitrusbome steeds genoeg vrugte, wuif mielielande in die somerwind, lewer aartappellande hul oes, en doen neutbome steeds wat neutbome die beste doen. **Dit is omdat boere 'n besondere talent het vir planne maak – 'n Boer maak immers altyd 'n plan!**

Suid-Afrikaanse boere is wêreldwyd bekend vir hul veerkragtigheid en vernuf. Wanneer omstandighede verander, pas hulle aan. Wanneer uitdagings opduik, innoveer hulle! En wanneer die glas half leeg lyk, maak hulle dit stilweg weer vol, met vasberadenheid, ervaring en 'n bietjie hardkoppige optimisme.

By Laeveld Agrochem sien ons die produsente nie net as kliënte nie, maar as deel van ons uitgebreide familie. Julle sukses is ons sukses, en julle uitdagings is die uitdagings waaraan ons elke dag werk om oplossings te help vind. Voedsame kos sal altyd nodig wees. Ongeag Covid, wêreldpolitiek of oorloë, sal Suid-Afrikaanse vrugte en groente altyd in hoë aanvraag wees. Landbou bly een van die noodsaaklikste en veerkragtigste bedrywe in die wêreld, en Suid-Afrikaanse boere staan reg in die hart daarvan.

Die GROEI-tydskrif vorm deel van hoe ons die produsente in al die uitdagings ondersteun. **Benewens die verskaffing van hoëgehalte landbouchemikalieë en kunsmis, gespesialiseerde dienste en eersteklas advies, wil ons ook iets net so waardevol bied: kennis.**

In hierdie uitgawe sal jy tegniese insigte, praktiese strategieë en kundige raad kry wat daarop gemik is om opbrengste te verbeter, gewaskwaliteit te beskerm en om jou meer winsgewend en volhoubaar te laat boer.

Omdat ons lief is vir ons land, deel ons graag ons kennis, ons *kombuisgeheime*, ons ervaring en meer as 1 000 jaar se gesamentlike kundigheid met almal: vriend en vyand. Ons daag jou uit om dieselfde te doen deur hierdie tydskrif met ander te deel. Dink daaraan as nog 'n plan in die boer se gereedskapboks.

Ons verbintenis is eenvoudig: om langs julle te staan as vennote in verantwoordelike, volhoubare landbou. Deur die ervaring op jul plase te kombineer met die kundigheid en oplossings wat ons bied, weet ons boere sal vir altyd die onmisbare fondasie van ons land se toekoms wees, want ons BOU mos ons land op deur landBOU.

By Laeveld Agrochem weet ons:
Geen boer. Geen kos. Geen toekoms.



Kobus saam met van die Laeveld Agrochem-agente tydens plaasbesoeke.

Afrikaans Oppi Platteland, wat 'n fees in die Kaap!



Together cultivating success



www.laeveld.co.za/agents



Arno Toua
068 563 6324
AGENT: HAZYVIEW



Schalk Burger
072 878 9414
AGENT: DOUGLAS



Frikkie Lubbe
082 921 7994
AGENT: CALEDON



Jaco Marais
BESIGHEIDSBESTUURDER PLANTVOEDING: RYGEWASSE
T: 072 390 3547 / E: jacom@laeveld.co.za
Jaco het in Klerksdorp grootgeword en aan die Noordwes-Universiteit 'n M.Sc.-graad in Omgewingswetenskappe met fokus op plantbeskerming voltooi.

Hy het sy loopbaan by Verios Agro begin en later rolle by Arysta LifeScience/UPL en Philagro SA vervul. Hy is ook 'n lugvaartentoesias, geniet motorsport en lees graag.

As Besigheidsbestuurder gaan hy fokus op plantvoeding en biostimulante vir die ondersteuning vir volhoubare produksie.



Jaco du Toit
BESIGHEIDSBESTUURDER: OOS- EN WES-VRYSTAAT
T: 060 678 8926 / E: jaco@laeveld.co.za

Jaco het in Kroonstad grootgeword en vroeg 'n passie vir sport, mense en landbou ontwikkel. Ná skool het hy sy professionele rugbyloopbaan begin en vir die Cheetahs, en later in Frankryk gespeel. Later betree hy die landboubedryf en verbreed sy kennis in Nieu-Seeland, waarna hy by Bayer as DEKALB-saad-vertegenwoordiger aangesluit het.

Met meer as 'n dekade se ervaring sien Jaco daarna uit om as Besigheidsbestuurder te fokus op diens, presisieboerdery en tegnologie om produsente te help om elke hektaar optimaal te benut.

Rygewasproduksie en die druk van winsgewendheid

George Prinsloo
Hoof van Gewasbeskerming: Jaargewasse
Laeveld Agrochem



Dit is 'n algemene feit dat die meeste van ons produsente se winsgewendheid met verskeie rygewasse onder druk is. Daar is soveel stemme daar buite wat elkeen verklaar dat hulle die antwoord op beter opbrengs en winsgewendheid het. Wie glo ons? Hoe neem ons besluite wat nie gegrond is op die opinie of wetenskaplike teorieë nie, maar op feite en data?

By Laeveld Agrochem vra ons gereeld vir mekaar die vraag: Wat is regtig die moeite werd om te doen en wat raai ons maar omdat ons te min inligting het vir goeie besluite? In die rygewasafdeling is ons al 3 jaar lank ekstensief besig om antwoorde te soek oor hoe om konstant oor verskeie lokaliteite 'n goeie opbrengs op belegging te lewer. Dit is vir ons belangrik dat ons hierdie oplossings met integriteit aan produsente en onself bied.

Die data word by produsente versamel oor verskeie lokaliteite en jare met heelwat herhalings en groter proewe om meer geloofwaardige data te versamel. Die koste van produkte teenoor die stroper wat

praat, bepaal ons rygewasstrategie. Ons gebruik dus opbrengs en winsgewendheid as maatstawwe en nie fisiese veranderinge of wat ons met die oog kan sien nie. Dit vat egter tyd en is 'n voortdurende proses van leer en aanpas. Wat ook in die weste se sande werk is nie noodwendig die ooste se wenresep nie. Ons moet dus baie versigtig wees om nie te gou dinge net aan te neem sonder om dit deeglik te toets nie.

In die proses het ons gou geleer wie van ons verskaffers praat dieselfde taal en het werklike data om bewerings te staaf. Hierdie is 'n holistiese benadering wat die grond, presisiedienste, onkruidodders, swamdoders, insekdoders en voeding insluit.

Niks van die aspekte kan suksesvol wees sonder goeie bestuur, toerusting en toediening nie. Winsgewendheid is ook altyd 'n kombinasie van verskeie faktore. Dit help nie ek wen R500 deur beter prysbedinging maar verloor R2 000 met 'n swak planter nie.

Elke boerdery het sy unieke uitdagings en ons kan dus ook nie die antwoorde kry deur in 'n kantoor programme slegs op hul pryse te beoordeel nie. Die voete in die veld, land vir land met inagneming van alle veranderlikes, moet in berekening geneem word.

Die Laeveld Agrochem-proses

Voordat ons begin het met enige van ons proewe het ons die voorreg gehad om te gaan kers opsteek by verskeie organisasies en produsente in Amerika. Party van hulle doen al vir 16 jaar statistiese proewe oor verskeie lokaliteite en veral die universiteite help met baie goeie data en inligting.



Ons het meer oor hul beginsels geleer, maar moes alles hier self kom toets omdat ons heeltemal ander grond en omstandighede in Suid-Afrika het.

In die rygewasse is die **chemiese en fisiese** versoenbaarheid van verskeie aktiewes en voeding geweldig belangrik omdat baie goed saam in 'n tenk moet bygevoeg word as die spuit loop. Die eerste filter was dus om met produkte te gaan wat die regte registrasies het asook die effektiwiteitswerk gedoen het om te verseker dat as ek byvoorbeeld voeding bysit, dit nie die werking van my glifosaat of insekmiddel beïnvloed nie. Dit is wêreldwyd bekend dat vrye sink, mangaan, magnesium en kalsium in die spuittenk die werking van glifosaat byvoorbeeld direk beïnvloed

Die pH van die spuitmengsel, en hoe verskeie voeding of ander aktiewes dit beïnvloed is van ongelooflike belang by die keuse van mengmaats. Die verkeerde pH kan die werking van chemie drasties beïnvloed. Dit was dus 'n vereiste vir die keuse van produkte in proewe dat ons oortuig is dat dit nie enige chemie se werking negatief beïnvloed nie.

Tydens ons opbrengsproewe is dit ook duidelik uitgewys waar party voeding by chemie vir ons opbrengsverlaging gegee het alhoewel daar geen fisiese onversoenbaarheid in die mengtenk was nie. Die opbrengsverlaging was ook nie met die oog sigbaar op die gewas nie, slegs die stroper het die werklike verhaal vertel. Net so ook het sekere voeding in tenkmengsels die nawerking en effektiwiteit van swam- en insekmiddels beïnvloed.

Daar is al baie navorsing hieroor in die wêreld gedoen en vaste beginsels kon gebruik word as filter vir ons vennote op soek na antwoorde. >>

Wat het ons sovêr geleer?

1. Moenie aannames maak dat verskillende aktiewe of chemie saam met voeding sal werk nie. Alhoewel verskeie vervaardigers baie bewerings maak van versoenbaarheid het ons duidelike antagonisme gesien met sekere produkte. Meer is nie noodwendig beter nie. Daar was blaarvoeding in ons proewe waar minder gram per hektaar baie beter opbrengste gelewer het omdat produkte mekaar komplimenteer. Ons het ook gesien dat waar twee produkte op hul eie baie goeie resultate lewer, hulle saam nie noodwendig beter resultate gee nie. Sojaboonentstof word ook direk beïnvloed deur tenk- of ander byvoegings. Moenie aanneem dit sal saam werk nie.

2. Chemie se “hardheid” op ‘n gewas verskil drasties tussen produkte.

Soms het die skoonste lande die swakste opbrengs gelewer, as gevolg van die hardheid van die aktiewe op ‘n gewas wat baie meer energie moes gebruik om dit te metaboliseer. Ons het in verskeie proewe tot oor die 1 ton verskille gekry tussen verskillende formulاسies en chemiese aktiewes. Omdat ons opbrengs en winsgewendheid as hoofmaatstaf gebruik,

sien ons verskille wat ons voorheen op slegs effektiwiteit beoordeel het.

3. Produkte wat die in opbrengsproewe bo eindig het nie noodwendig die beste opbrengs op belegging nie. Om die hoogste winsgewendheid te bereik, moet jy ‘n balans handhaaf tussen die hoeveelheid geld en tyd wat jy spandeer. Jy kan nie al jou geld net op een segment spandeer in die verwagting dat een enkele faktor die antwoord is nie. Elke vervaardiger in die landbou probeer jou altyd oortuig dat hul produk die sogenaamde *silwer bullet* is. Elke aspek of segment dra egter by en moet geprioritiseer word op grond van opbrengs op belegging.

4. Waar ons in die verlede produkte suiwer beoordeel het op grond van hul effektiwiteit in terme van ‘n probleem, plaag of pes, begin ons al hoe meer **die opbrengsdata van die gewas**, asook die **opvolggewas gebruik** as maatstaf. Soms haal ek byvoorbeeld in koring ‘n onkruid sterk uit maar verloor meer in die opvolggewas oor die hardheid of onttrekking van die aktief. Alles gaan oor balans en interaksies om langtermyn winsgewendheid te verseker.



Vir meer inligting, kontak myself of jou naaste Laeveld-verteenwoordiger

5. Die segmente wat ons die afgelope tyd sterk ondersoek het en wat ‘n konstante opbrengs op belegging gee, is die **“in-voor” segment** (opkoms, stand en gesonde saailinge), die **“yield drag” segment** (korrek geregistreeerde produkte saam met onkruid-doder om gewas te help) en ook **droogte- en hittestres segment**. Ons vat die reeds beproefde beste opbrengs onkruid-doder-programme en bou daarop.

Oor die laaste drie 3 jaar kon ons selfs op ‘n 3 ton oes konstant 1,5 ton bysit vir R450 se belegging met die strategie. Dit is komplimentêr tot goeie swammiddels en insekmiddels waar nodig. Die strategie en data verskil egter heelwat tussen gebiede, grondtipes en opbrengspotensiaal. Ons leer konstant en sien uit na dit wat ons ook in hierdie komende seisoen by verskeie produsente gaan leer.

6. Daar is nie ‘n plaasvervanger vir **goeie implemente soos planters, spuite en stropers** nie. Ek kan die beste in-voor-produk gebruik maar as ek nie hou by die aanbevole dosis of die planter nie die stand gee nie, gaan ek altyd teleurgestel word en aannames maak oor produkte. Ons het byvoorbeeld in die Wes-Vrystaat

se sande met 30 liter water in die voor teenoor 100 liter water in die voor, groot opbrengsverskille gekry, ten spyte van dieselfde dosis in-voor produk. Water-volume maak dus ‘n verskil.

7. Toets jou water. Die waterbronne wat ons gebruik om aktiewes te spuit verskil drasties oor plase en boorgate. Ons sien veral die laaste paar jaar dat waterkwaliteit baie afneem. Die regte geregistreeerde ammoniumsulfaat teen die regte dosis dra drasties by tot effektiwiteit. ‘n Buffer is soms die maak of breek in enige spuitmengsel.

8. Wees baie versigtig om met **emosies of wat jy sien besluite te neem**. In sommige van ons proewe het die mielies wat byvoorbeeld die beste en mooiste gelyk het tot ‘n ton swakker gestroop as mielies wat nie so goed vertoon het nie. Jou insette teenoor die stroperdata is wat die rekeninge betaal en jou laat vooruitgaan. Jy moet weeg om te weet.

Die manier waarmee ons data versamel, asook genoegsame herhalings oor tyd, bou selfvertroue om die regte aanbevelings te maak. Die aanbevelings gaan altyd groei soos nuwe produkte op die mark verskyn en soos ons meer leer.

World of Biological fertilisers – Incite® ST, MicroPhos® Grains and Criss Cross™

Nadine Loubser
MBFi



This article explores the world of biological fertilisers and how innovative microbial technologies enhance nutrient availability, root development and crop resilience. Featuring Incite® ST (M61), MicroPhos® Grains (L9405) and Criss Cross™ (M62), it highlights how beneficial bacteria and mycorrhizal fungi work with plants to improve fertiliser efficiency, strengthen root systems and support sustainable, high-performance crop production.

Auxin production, stimulated by tryptophan in root exudates, promotes root proliferation, lateral root formation and enhanced nutrient and water uptake. These hormonal effects translate into stronger early vigour and improved root architecture.

Greenhouse data on maize demonstrates the impact of Incite® ST (Table 1), with treated plants showing almost double the average root length compared to untreated controls in just 7 days after germination.

By strengthening early root development and nutrient acquisition, Incite® ST delivers a robust foundation for higher yield potential, improved stress tolerance and more efficient fertiliser use in both soybean and maize production systems.

Data from the field demonstrates an increase in yield for the 200 ml/100 kg and 400 ml/100 kg Incite® ST application (Graph 1).

Table 1: Comparing average root and shoot length of maize that was treated with Incite® ST vs. a control.

| Treatment | Average shoot (cm) | Average root (cm) |
|-------------------------------------|--------------------|-------------------|
| UTC (Control) | 14,4 | 6,24 |
| Incite [®] ST 2,6 ml/kg | 14,87 | 11,18 |



ensure early colonisation and long-term activity in the rhizosphere.


Incite® ST enhances nutrient use efficiency (NUE®) through both direct and indirect modes of action. Directly, the bacterium improves the bioavailability of essential nutrients. In addition, Incite® ST improves iron availability and uptake (e.g. via siderophores and redox-related processes).

Indirectly, *B. methylotrophicus* in Incite® ST may influence or produce phytohormone-like or growth-regulating compounds, particularly auxins (IAA), and in certain cases, gibberellin-related metabolites.


Incite® ST is a high-performance microbial bio-fertiliser developed by MBFi for use as a seed treatment or in-furrow application on soybean and maize. The product is formulated with a selected strain of *Bacillus methylotrophicus* at a concentration of 5×10^9 CFU/ml.

As a naturally occurring, spore-forming soil bacterium, this organism establishes rapidly on the seed and emerging root system, forming stable biofilms that

INCITE® ST TRIAL RESULTS ON SOYBEANS ACROSS TWO TRIALS



INCITE® ST TRIAL RESULTS ON MAIZE ACROSS TWO TRIALS



Graph 1: Incite® ST trial data on soybeans (*Glycine max*) and maize (*Zea mays*) in South Africa.



Plant growth-promoting *Pseudomonas* species play a central role as biofertilisers by improving nutrient availability and stimulating early root development through highly efficient rhizosphere colonisation. Following seed treatment or soil application, *Pseudomonas fluorescens* rapidly attaches to emerging roots and establishes stable populations along the rhizoplane, ensuring close interaction with plant root exudates.

A primary biofertiliser function of *P. fluorescens* is the solubilisation of inorganic phosphate through the production of organic acids, particularly gluconic acid (Image 1). Glucose released in root exudates is oxidised by the bacterium to gluconic acid, which lowers the pH in the rhizosphere and chelates cations such as calcium, iron and aluminium that bind phosphate in insoluble forms. This process converts unavailable calcium-, iron- and aluminium-phosphates into soluble hydrogen-phosphate that can be readily absorbed by plant roots. Phosphate release is most effective across a wide soil pH range, improving phosphorus availability in both acidic and alkaline soils where fixation normally limits fertiliser efficiency.

In addition to nutrient mobilisation, *P. fluorescens* directly stimulates root growth through the biosynthesis of phytohormones, especially indole-3-acetic acid (IAA). Quantification studies demonstrate that *Pseudomonas* strains can produce substantial levels of IAA, promoting lateral root formation, root hair development and increased root surface area. This enhanced root system improves nutrient and water uptake, strengthens early seedling vigour and supports more efficient fertiliser use. MBFi has optimised formulations for this product for optimal IAA production.



Image 1: Colouration from blue to yellow showing acid production of *Pseudomonas* on a Bromothymol Blue (BTB) plate.



Image 2: Root development on maize (in-field) using MicroPhos® Grains. Left: Untreated control (UTC) and right: MicroPhos® Grains.

Through a combination of root colonisation, phosphate solubilisation and hormone-mediated root stimulation, *Pseudomonas* functions as a highly effective biofertiliser, unlocking native soil nutrients while building a stronger and more resilient root architecture for sustained crop performance. The product's application is not limited to maize but can also be applied to canola, grass types like rye & Rhodes grass, sorghum, sunflower and wheat.



Criss Cross™ is a specialised biological fertiliser containing high-quality propagules of the endomycorrhizal fungus *Rhizophagus irregularis*, formulated to establish rapid and effective root colonisation.

Once applied, the fungal hyphae penetrate young roots and form a symbiotic network that extends far beyond the root zone, dramatically increasing the effective root surface area.


This mycorrhizal association improves the uptake of phosphorus, zinc and other immobile nutrients, enhances water absorption and strengthens plant tolerance to drought and transplant stress.



In addition, Criss Cross™ promotes early root development, uniform establishment and improved fertiliser efficiency.


By unlocking soil nutrients and building a stronger root system, Criss Cross™ provides a reliable foundation for vigorous growth, improved crop resilience and sustained yield potential (Graph 3). This product is typically applied to new fruit or vine trees, established tree orchards (stone fruit, pome fruit, citrus, nut trees, avocado, litchis, mangoes), potato, soybean, maize and wheat.

MICROPHOS® TRIAL DATA ACROSS FOUR AREAS IN SA



Graph 2: MicroPhos® Grains trial data on maize (*Zea mays*) in South Africa.

TRIAL DATA ACROSS TWO AREAS IN SA



Graph 3: Trial data on Criss Cross™ on maize (*Zea mays*) across two areas in South Africa.

Incite ST Reg. no. M61 Act no. 36 of 1947 A.I.: *Bacillus methylotrophicus* 5X109 CFU/ML.
 Microphos Grains: Reg. no. L 9405 Act no 36 OF 1947 / Reg. no. L 9405 A.I.: *Pseudomonas fluorescens* 1 X 109 CFU/ML.
 Criss Cross Reg. no. M 62 Act no. 36 of 1947 A.I.: *Rhizophagus irregularis* Propagules 1000/ml.

Registration holder: N Laboratories (Pty) Ltd. Marketed and Distributed by MBFi (Pty) Ltd.

Rhyzobug – A promising biological control agent for the macadamia felted coccid

Dr. Schalk Schoeman, Sonbesie Consulting & Natja Van Heerden, Koppert Area Manager Mpumalanga



Rhyzobius lophanthae
- Rhyzobug-larvae

Since the 1990's, large macadamia monocultures have been established near each other. Most of the trees planted since then have now matured, and because macadamia trees are very large as well as dense, the orchards have provided excellent sheltering sites for a plethora of new pests. Anneke and Moran (1982) listed 10 species as possible insect pests on macadamias. Nearly two decades later, Van den Berg *et al.* (2001) listed \pm 60 pests or potential pests from six insect orders.

Unfortunately, this trend continues because during April 2017, severe infestations of another new insect pest, *Acanthococcus ironsidei* Williams (Hemiptera: Eriococcidae), were observed in the Barberton valley in Mpumalanga (25°42'11" S 30°59' 37" E) on \pm 40 ha of mature macadamias. The method of introduction of this species is currently unclear, but it is suspected that it may have been accidentally imported with propagative material.

The macadamia felted coccid (MFC), *Acanthococcus ironsidei* (formerly *Eriococcus ironsidei*), is a significant invasive pest of macadamia trees in South Africa, causing leaf discolouration, flower and nut drop, branch dieback, and reduced yields.

This insect has been in the country for nearly a decade, but until recently, effective integrated management was not possible.

Biological control is a key component of integrated pest management (IPM) for this pest, as chemical controls like insecticidal oils and growth regulators provide limited efficacy and risk resistance development. What alternatives could be considered?

Materials and methods

From the onset of the first infestation, larvae of the Coccinellidae family were observed on MFC colonies. These beetle larvae were subsequently identified as *Rhyzobius lophanthae*, as adults are now also commonly found on these colonies. This beetle is a well-known beneficial species of the California red scale pest, found in the citrus industry. Koppert, along with Dr. Schoeman did a small in-field cage trial to compare the feeding and behavioural patterns of *Cryptolaemus montrouzieri* and Rhyzobug, *Rhyzobius lophanthae*, on the MFC.

Sleeve cages (500 mm x 200 mm) were installed on active MFC colonies on a farm in the Barberton district. Adults of *Cryptolaemus montrouzieri* and *Rhyzobius lophanthae*, were obtained from Koppert (Pty.) Ltd., and approximately 50 of each species of beetles were placed in individual sleeve cages. The cages were left in situ for approximately 4 weeks, whereafter they were removed, inspected for live insects, and stem sections were subsequently removed for microscopic analysis of feeding damage (Figure1).

It is important to mention that many male scale covers will have perforations on one side of the scale, where the males emerge after completing their development of the adult phase from the pupal phase. These holes were not counted as only holes on the medial side of the scale

covers depicted in Figure 1, which can realistically be associated with predation.

Results

During the cage studies, it was confirmed that both the beetles feed on the MFC. *Rhyzobius* was a more voracious predator (Figure 2), as there was significantly more feeding damage on the MFC (Table 1) when compared to the feeding damage from *Cryptolaemus*. Feeding damage by *Cryptolaemus* was so low that it was discounted from further evaluation, therefore Table 1 only represents *Rhyzobius* data.

It was also found that *Rhyzobius* can complete its life cycle on the MFC population, whereas *Cryptolaemus* could not complete its life cycle and died off within a few weeks. >>



Figure 1: Medial damage of male macadamia felted coccid individuals associated with predation by the coccinellid beetle *Rhyzobius lophanthae*.



Figure 2: *Rhyzobius* larva feeding on the macadamia felted coccid.



Trees with felted coccid damage.

Table 1: The effect of Rhyzobug (*Rhizobius lophantae*) on adults of the MFC.

| STATISTICAL PARAMETER | DAMAGE (AVERAGE) | |
|-------------------------|------------------|-------------------------------|
| | Control | Treated with <i>Rhizobius</i> |
| Mean ± SD | 6,1 ± 3,63 | 15,55 ± 7,44 |
| T value | | 3,775 |
| P value | | 0,0008 |
| Degrees of freedom (df) | | 28 |

Field observations on four Mpumalanga farms with a strong biological focus indicate that the population levels of the MFC appear to have stabilised. These farms did apply neonicotinoid insecticides early in the season, which were followed by supplementary releases of predatory beetles. Of note was the presence of the nitidulid beetle *Cybocephalus binotatus* that was previously imported and released by

the ARC to combat the mango scale. This diminutive beetle made up for its small size by sheer numbers. Its effect on the MFC remains for now unquantified.

It must be emphasised that these results are provisional, but it points towards the prospect of commercial biological control. More detailed follow-up work is required.



Left: Not eaten felted coccid.
Right: Eaten felted coccid.

Conclusion

Biological control of scale-like pests usually operates on a bimodal pattern. Numbers are first reduced by high-density feeders, such as predatory beetles of the family *Coccinellidae*, after which hymenopterous parasitoids, like *Metaphycus macadamiae*, deliver the coup de grace. These biological control agents should be supported by the strategic use of pesticides, as well as products such as smothering agents (mineral oil), which have a very low environmental impact.

At Koppert, we offer a range of integrated biological solutions to assist growers in sustainable and successful IPM strategies. Contact us to find out how Rhyzobug and other biological solutions can form the cornerstone of your IPM strategy for macadamias.

References:

Anneke, D. P. & Moran, V. C. 1982. Insects and mites of cultivated plants in South Africa. Butterworth & Co: Durban. 383 pp.
Van Den Berg, M. A., De Villiers, E. A. & Joubert, P. H. 2001. Pests and Beneficial Arthropods of Tropical and Non-Citrus Sub-tropical Crops in South Africa. Ad Dynamics, Nelspruit.



HOË-PROTEÏËN, GEBALANSEERDE MAALTYD VIR ALMAL

'n GESONDE MAALTYD
Vinnig, maklik en geen voorbereiding is nodig nie!

Alles wat jou liggaam benodig vanaf R3 per maaltyd!

GENESIS bevat 3 keer meer proteïene en vesel, asook 13 keer meer vitamïene as 'n standaard pap.

| STANDAARD PAP | PER 100 g PORSIË | GENESIS MAALTYD |
|-------------------------|------------------|------------------------------|
| 6 g proteïene | PROTEÏENE | 18 g proteïene |
| 1,5 g vesel | VESEL | 6 g vesel |
| 1 vitamien teen 30% NRV | VOEDINGSTOWWE | 13 vitamïene teen 100% NRV |
| 1 anti-oksident | ANTI-OKSIDANTE | 5 anti-oksidente en minerale |

BESTEL AANLYN: www.genesisnutrition.co.za

of kontak vir Michelle 082 579 5517 | michelle@genesisnutrition.co.za

The hidden season of success – why flower induction defines citrus yields

In South Africa, the months from March to June mark the most critical, yet least visible stage of the citrus production cycle: the period of flower induction. During this time, buds on the current season's vegetative shoots decide whether they will become flowers the following spring.

Although hormones initiate this developmental shift (Moss, 1970), the ultimate success of induction depends on adequate carbohydrate reserves, balanced mineral nutrition and the quality of the new vegetative shoots that carry these buds. When any of these are lacking, even optimal hormonal cues cannot produce a strong or uniform bloom (Goldschmidt, 1999). This is why TRY ME™ (K9552), CITRUS-TO-GROW LMO™ (B4732) and ZINC PHLOEM™ (B5734) play essential roles during this window, reinforcing the physiological foundation required long before the first blossoms appear.



Strong bloom starts with strong shoots

Flowering potential is determined by the new vegetative shoots that emerge prior to induction, because these shoots carry next season's flowers (Embleton *et al.*, 1973). Their age, number and nutritional status strongly influence future flower intensity, uniformity and fruit set.

Once induction begins, the tree cannot correct poor shoot quality or nutrient imbalances, as immobile and essential elements, such as zinc (Zn), can't be translocated from old leaves behind fruit, to new potential floral units for the next season. Nutrient evaluation must therefore be performed specifically on the leaves of the flower-bearing shoots, as older or unrelated leaves provide values that do not reflect the physiology of the tissues committing to flowering (Koo, 1985).

Outdated norms plus wrong leaves lead to wrong decisions

Across the industry, nutrient samples are often collected incorrectly, from sampling the wrong organs, at the wrong time, to interpreting them using outdated norms developed decades ago. These conventional norms do not reflect the requirements of modern cultivars, contemporary crop-load expectations or regional climatic variation (Reuther *et al.*, 1973). Sound decisions require sampling the correct shoots at the correct time and interpreting measurements using current, cultivar- and region-specific benchmarks.

The data advantage: Agri Technovation leads the industry

Agri Technovation currently maintains the largest and most advanced integrated/complete citrus dataset available in South Africa. This includes nutrient profiles of flower-bearing shoots, cultivar- and region-specific nutrient patterns, carbohydrate behaviour across phenological stages and shoot-quality markers directly linked to induction success.

This uniquely detailed dataset allows interpretation accuracy unmatched in the industry.

Dr. Jakkie Stander, Commercial Head Products & Services, Agri Technovation and Dr. Elmi Lötze, Head of ITEST™ CARBOHYDRATES and ITEST™ LEAF



The carbohydrate truth: 1,6 tons of sugar and the real driver of floral development

Although, phytohormones initiate the floral transition the developmental switch that determines whether a bud will become a flower (Bangerth, 2009), they do not provide the physical materials required to build floral structures or sustain their development. While hormones act as the regulatory signal, carbohydrates supply the structural building blocks, metabolic energy and carbon skeletons essential for floral organ formation, ovule development, pollen tube growth and the early stages of fruit set (Goldschmidt & Koch, 1996; Martínez-Fuentes *et al.*, 2013).

The magnitude of carbohydrate demand during flowering is extraordinary. Citrus flowering removes approximately 1,6 tons of sugar over a three-month period (Mehouachi *et al.*, 1995). No citrus tree can meet this demand through current photosynthesis alone, especially during early spring when leaf area is limited, weather is variable and respiration remains high (Syvertsen & Lloyd, 1994). The tree must therefore rely heavily on carbohydrate reserves built during the April-June induction period. Trees entering spring with insufficient reserves cannot sustain the metabolic requirements of flowering, resulting in weak bloom, poor fruit set, early fruit drop and a greater risk of alternate bearing (Goldschmidt, 1999). Thus, hormones determine whether a bud becomes a flower, but carbohydrates determine whether that flower can develop fully and transition successfully into fruit.



Hormone levels are difficult and expensive to determine and thus not a grower-friendly service. In contrast, commercial services to determine carbohydrate levels in plants are available and affordable.

Once the carbohydrate levels are quantified, interpretation depends on context. Because sugar and starch levels vary during the season and actual values vary between organs, norms must be developed for specific phenological stages (Figure 1).

What Agri Technovation brings to the carbohydrate table

Agri Technovation remains the only commercial carbohydrate laboratory for growers that can provide an interpretation of the data. Agri Technovation has processed more than 45 000 ITEST™ CARBOHYDRATE samples.

At Agri Technovation, we have identified four critical action times where we can act on undesirable carbohydrate levels in leaves and/or roots to improve the carbohydrate status for specific physiological responses.

Our extensive carbohydrate database also allowed us to refine our sugar and starch norms on a regional, and recently also cultivar, basis. Thus, we can manage upregulation of photosynthesis, sugar conversion to starch and/or translocation of sugar to the main sink(s) on an orchard level by adjusting specific inputs.

The strong relationship between leaf tissue mineral analyses and carbohydrate dynamics is well documented and one of the main drivers, in addition to irrigation, to support carbohydrate levels at critical action times to ensure hormonal signals are fully executed. >>

Seasonal leaf carbohydrate dynamics in citrus




Figure 1: Seasonal and type variation in citrus leaf carbohydrate levels in the Southern Hemisphere, from more than 45 000 ITEST™ Carbohydrate samples.

ZINC PHLOEM™

Zinc nutrition in citrus leaves plays a central role in flower induction through its influence on hormone regulation, photosynthesis, and carbohydrate metabolism (Chapman, 1968; Alloway, 2008). Adequate zinc supports auxin synthesis and enzymatic activity, enhancing

• Hormoonsintese en groeiregulering.


Sink is baie belangrik in die produksie van die aminosuurtriptofaan, wat noodsaaklik is om die groeihormoon indool-3-asynsuur (IAA) te produseer. IAA is grootliks verantwoordelik vir selverlenging wat lootgroeï, blaarvergroting en wortelgroeï bevorder (Kumar *et al.*, 2025). Lae vlakke van Zn benadeel groei en dus opbrengs.

• **Ensiemaktivering.** Sink vorm strukturele komponente van baie ensieme in plante wat betrokke is by koolhidraatmetabolisme, proteïensintese en energie-oordrag. Wanneer Zn beperk is, word hierdie reaksies vertraag met gepaardgaande groeivertraging en opbrengsverliese (Wang *et al.*, 2022).

• **Fotosintese en chlorofilonderhoud.** Hoewel Zn nie deel vorm van chlorofilmolekules nie, is dit direk betrokke by ensiemreaksies en stikstofmetabolisme wat benodig word in chlorofil-sintese. Dus is Zn indirek nodig om fotosintese te optimaliseer. Volgens Rudani *et al.*, (2018) veroorsaak sinktekorte 'n verlaging in die netto fotosintese tempo van tussen 50% tot 70%, afhangende van die plantspesie en die graad van die tekorte. Tekorte van Zn manifesteer dikwels as chlorose (vergelying) as gevolg van versteurde chlorofilsintese en blaarmetabolisme. Sien blaarontledings en tekortsimptome.

• **Koolhidraatmetabolisme.** Sink dra indirek by tot die verhoging in fotosintese, deur die omskakeling van CO₂ meer effektief te laat plaasvind om sodoende koolhidrate te produseer (Rudani *et al.*, 2018).

Enige tekorte van Zn binne plante benadeel al bogenoemde faktore, en daarom is dit so belangrik om te weet wat die Zn-status binne plantweefsel is (sien Blaarontledings en tekortsimptome).



Figuur 1: Relatiewe gewasopbrengs soos beïnvloed deur sinkkonsentrasie in blare. (Aangepas vanaf de Mello Prado & Caione, 2012).

Hennie du Plessis

Besigheidsbestuurder: Plantvoeding, Laeveld Agrochem



Sink in grond

Die enigste manier om te weet wat die sinkinhoud van 'n grond is, is om te meet deur ontledings by geakkrediteerde laboratoriums te laat doen. Die interpretasie van die ontledingsresultate is baie belangrik, en moet deur kundiges gedoen word.

Plantbeskikbare sink kom hoofsaaklik in ioonvorm (Zn²⁺) in landbougronde voor in:

- Grondoplossing (vrylik beskikbare Zn).
- Geadsorbeer deur klei-minerale en organiese verbindings (uitruilbare Zn).
- Gebinde vorm. Gebind deur oksiedes, hidroksiedes en minerale soos fosfor en kalsium (stadig tot moeilik beskikbare Zn).

Vryelike en uitruilbare sink word deur die wortels opgeneem deur middel van diffusie, massavloei en wortelonderskepping as Zn²⁺-ione en binne die plant deur hoofsaaklik die xileemvervoer (Ganguly *et al.*, 2022). Daarna word dit ook deur die phloem vervoer na ander organe waar dit benodig word.

Sink in gebinde vorms kan ook opgeneem word indien die pH in die risosfeer verlaag deur die invloed van organiese sure wat deur wortels uitgeskei word en die gebinde Zn so-doende oplos. Sekere grondmikro-organismes is ook in staat om gebinde Zn te solubiliseer en plant beskikbaar te maak.

Faktore wat die plant se opneembaarheid beïnvloed:

Grond-pH. Die pH van die grondoplossing speel 'n groot rol in die beskikbaarheid van sink. Die plantbeskikbaarheid van Zn is die hoogste by 'n grond pH(H₂O) tussen 4,8 en 7,2, waarna dit drasties afneem soos die pH toeneem. Dus is dit baie belangrik dat grondontledings gedoen word om sinkbeskikbaarheid beter te bestuur.

Grondtekstuur. Oor die algemeen is die Zn-inhoud in ligte sandgronde (lae kation-uitruilvermoë) laer as in swaarder kleigronde. Aan die ander kant kan sekere klei-minerale sink sterker adsorbeer wat moontlik minder beskikbaar is.

Organiese inhoud. 'n Verhoging in die organiese koolstof van 'n grond verhoog ook die Zn-beskikbaarheid, maar as die organiese koolstofinhoud in die grond te hoog is, (nie 'n probleem in SA nie) kan dit ook bydra tot Zn-vaslegging (Hafeez *et al.*, 2013).

Antagonisme met ander voedings-elemente.


Fosfor: Te hoë vlakke fosfor in grond beïnvloed sinkopname negatief. Daar moet veral gelet word op die fosforbemesting. Te hoë toedienings gaan sink negatief beïnvloed, en landboukundiges moet bemestingsprogramme aanpas om voorsiening te maak vir sink-beskikbaarheid. Ander katione: Hoë vlakke van kalsium, en in 'n mindere mate mangaan en koper, kan die beskikbaarheid van Zn benadeel (Hafeez *et al.*, 2013).

Mikrobiële aktiwiteit. Gesonde grond met 'n hoë mikrobiële aktiwiteit maak Zn meer toeganklik vir plantopname.

Blaarontledings en tekortsimptome

Blaarontledings is 'n uiters nuttige hulpmiddel vir produsente, navorsers, landboukundiges en LAC-agente. Dit word nie net gebruik om die voedingstatus van gewasse te bepaal nie, maar ook om vinnig voedingstekorte te identifiseer en aan te spreek. Landboukundiges gebruik blaarontledingsresultate om die bemestingsprogramme te optimaliseer en effektiewe blaarvoedingsprogramme op te stel.

Die gebruik van blaarontledingsresultate kan slegs suksesvol wees indien die interpretasie daarvan reg gedoen word. Dit behels onder andere die vergelyking met 'n stel norms gedurende verskillende fenologiese stadia van verskillende gewasse. Hierdie norms is oor jare verfyn en aangepas vir verskillende gewasse en selfs vir verskillende kultivars. >>



Figuur 2: Voorbeeld van 'n ITEST Leaf™-verslag van 'n sitrus-blok wat Zn-tekort uitwys met die nodige aanbevelings.

Laeveld Agrochem (LAC) het saam met ons plantvoedings-vennote toegang tot sulke unieke datastelle wat ons aanbevelings net soveel meer betroubaar maak. Vir die regte interpretasie van blaarontledingsresultate, kontak gerus jou naaste LAC-vertegenwoordiger.

Daar is 'n sterk verband tussen die sinkkonsentrasie in blare van gewasse en die opbrengs daarvan (Figuur 1). Hieruit is dit duidelik dat maksimum gewasopbrengs bereik en gehandhaaf word by 'n relatiewe smal of nou konsentrasieband van sinkinhoud in blare (optimaal). Indien enige visuele sinktekortsimptome op gewasse waargeneem word, het gewasopbrengs reeds drasties afgeneem (visuele tekorte). Wat egter kommerwekkend is, is die oranje gedeelte van die grafieklyn. Dit is waar opbrengs steeds laag is sonder dat enige visuele tekortsimptome waargeneem word (*hidden hunger*).

Opbrengsverliese van tot so hoog as 20% is al aangeteken sonder dat enige simptome waargeneem is (Sela, 2021). Dit is waarom dit so belangrik is om tydige blaarontledings te doen.

LAC se vennoot, Agri Technovation, lewer 'n uitstekende diens om blaarontledings op alle landbougewasse te doen, dit te interpreteer en met kliënte te bespreek (Figuur 2).

Daarna word daar saam met die LAC-agent die regte oplossings gevind en toegepas.

Hoewel visuele tekortsimptome van sink nie op alle gewasse veralgemeen kan word nie, volg hier onder 'n paar algemene simptome waarna opgelet moet word. Sien ook Figure 3a-d.

- Klein, smal, gepunte en verdwergde blare (*little leaf disease*).
- Chlorose (vergelying) tussen blaarnerwe, terwyl die blaarnerwe/-are groen bly.
- Verkorte internodes.
- Swak blom.
- Voortydige afspeen van vrugte.

Waarom moet daar aandag gegee word om sinktekorte in gewasse te beperk?

Laat doen 'n ITEST Soil™-ontleding: Volledige grondontleding en interpretasie.

- Let op na fosfor en sink in die bemestingsprogram.
 - Grond-pH regstelling.
 - Grondgesondheid.
- Laat doen 'n ITEST Leaf™-ontleding: Blaarontledings en interpretasie.
- Let op na die blaarvoedingsprogram, en gebruik die regte produkformulasies.
 - Oorweeg saadbehandeling met sink waar van toepassing asook invoer-toedienings.



Figuur 3: Sinktekortsimptome:

(a) By sitrus. Foto: H. Du Plessis.

(b) By mielies. Foto: F. Van Greunen.

(c) By makadamias. Foto: R. Brummer.

(d) By sojabone. Foto: B. Golden, Mississippi State University.

Sinkprodukte en verskaffers

LAC se sinkprodukreeks bestaan uit ongeveer 40 produkformulasies, wat deur 20 verskillende verskaffers aan ons voorsien word. Dit plaas LAC in so 'n posisie dat ons feitlik enige probleem rakende sink as plantvoedings-element suksesvol kan aanspreek.

Die hoof sinkgroepe in die LAC-stal:

- Wateroplosbare bemesting.
- Sintetiese gecheleerde bemesting.
- Fulviensuur gekompliseerde bemesting.
- Suspensie blaarvoedings.
- Aminosuur/glukonaat/fulviensuur-gecheleerde blaarvoeding.
- Oplosbare vloeistofblaarvoeding.

Samevatting en opsomming

Hoewel sink van al die mikro-elemente heel laaste op die alfabet verskyn, is dit beslis heel eerste in belangrikheid as voedings-element. Sink is van al 17 essensiële plantvoedings-elemente, vierde op die lys van belangrikheid.

Die ernstige probleem van sinktekorte in landbougewasse kan grootliks deur LAC opgelos word deur die regte dienste en produkte wat LAC aanbied, te volg. Kontak jou naaste LAC-vertegenwoordiger vir pasmaak-oplossings. Sink is 'n klein-inset, maar hoë-impak voedings-element.

Verwysings:

- Ahmad, W., Zia, M.H., Malhi, S.S., Niaz, A. & Saifullah, 2012. Boron Deficiency in Soils and Crops: A Review, Crop Plant, Dr Aakash Goyal (Ed.), ISBN: 978-953-51-0527-5, InTech, Available from: <http://www.intechopen.com/books/crop-plant/boron-deficiency-in-soils-and-crops-a-review>.
- Cakmak, I., 2008. Enrichment of cereal grains with zinc: Agronomic or genetic biofortification? Plant and Soil. 302 (1-2) 1-17.
- Cherasse, Y., & Urade, Y., 2017. Dietary Zinc Acts as a Sleep Modulator. International Journal of Molecular Sciences. 18 (11).
- De Mello Prado, R. & Caione, G., 2012. Soil Fertility. In Plant Analysis. Ed. Roland Nuhu Issaka. ISBN: 978-953-51-0873-3.
- Ganguly, R.; Sarkar, A.; Dasgupta, D.; Acharya, K.; Keswani, C.; Popova, V.; Minkina, T.; Maksimov, A.Y.; Chakraborty, N., 2022. Unravelling the Efficient Applications of Zinc and Selenium for Mitigation of Abiotic Stresses in Plants. Agriculture 2022, 12, 1551.
- Graham, R.D., 2008. Micronutrient Deficiencies in Crops and Their Global Significance : In Micronutrient Deficiencies in Global Crop Production (pp.41-61). ISBN: 978-1-4020-6859-1
- Hafeez, B., Khanif, Y. M. & Saleem, M., 2013. The Role of Zinc in Plant Nutrition – A Review. American Journal of Experimental Agriculture. 3(2): 374-391.

- Kumar, M., Narwal, E., Rakshit, S., Bishi, S.K., Bhadana, V.P., Kumar, M., Lal, S.K., Monika, Jha, U.C., Roy, S., & Layek, J., 2025. Zinc Homeostasis & Biofortification in Crop Plants: Towards Efficient Zinc Utilization. Journal of Plant Growth Regulation. 44 (10).
- Maharjan, B., Shaver, T.M., Wortmann, C.S., Shapiro, C.A., Ferguson, R.B., Krienke, B.T. & Stewart, Z.P., 2018. Micronutrient Management in Nebraska. NebGuide, Nebraska Extension, February, 2018.
- Noulas, C., Tziouvalakas, M. & Karyotis, T., 2018. Zinc in soils, water and food crops. Journal of Trace Elements in Medicine and Biology. 49, 252-260.
- Rudani, K., Patel, V. & Prajapati, K., 2018. The Importance of Zinc In Plant Growth – A Review. International Research Journal of Natural and Applied Sciences. Vol 5 (2) (pp. 38-48).
- Sela, G., 2021. Essential Nutrient: Zinc. In Fertilization and Irrigation: Theory and Best Practices (2021 edition., pp. [39-41]). Independently published.
- Uchida, R. (2000). Plant Nutrient Management in Hawaii's Soils, Approaches for Tropical and Subtropical Agriculture J. A. Silva and R. Uchida, eds. College of Tropical Agriculture and Human Resources, University of Hawaii at Manoa, ©2000.
14. Wang, X., et al. (2022). Functions and strategies for enhancing zinc availability in plants. Frontiers in Plant Science. Frontiers.

Hou jou groen goud skoon: Onkruidbeheer in lusernweidings

Lusern (alfalfa) is een van Suid-Afrika se waardevolste voergewasse, maar onkruidinfestasies bedreig hierdie “groen goud” op plase regoor die land. Sonder tydigte en doeltreffende beheer kan indringeronkruid lusernweidings oorneem, opbrengs verlaag en voerkwaliteit benadeel.

In 'n land waar boere jaarliks enorme hoeveelhede lusern verbou (tot soveel as 1,5 miljoen ton per jaar), kan onbeheerde onkruid 'n groot ekonomiese impak hê.



Chemiese onkruidbeheer bied egter 'n doeltreffende manier om ernstige onkruidprobleme hok te slaan. 'n Goeie voorbeeld is die doelgerigte gebruik van Moximum 40 SL, 'n onkruiddoder met die aktiewe bestanddeel imazamoks, wat spesifiek ontwikkel is om onkruid in peulgewasweidings soos lusern te beheer.

Lusern se waarde en die onkruid-uitdaging

Lusern (*Medicago sativa*) word wêreldwyd beskou as 'n uitstekende voergewas weens sy hoë voedingswaarde en veelsydige toepaslikheid. Hierdie meerjarige peulgewas dra kenmerkende pers blomme en ontwikkel 'n diep wortelstelsel wat normaalweg 2 – 3 m strek.

Het jy geweet?

Lusernwortels kan in sekere gevalle tot so diep as 8 m strek!

Die gewas is verder ook uiters droogtebestand, wat dit aanpasbaar maak vir verskeie klimaatstreke.

Lusern floreer in goed gedreineerde grond met 'n neutrale pH en kan byna landswyd verbou word. Met 'n ru-proteïënhoud van 18% – 20% en 'n ryk samestelling van gesonde vesel en minerale, bied lusern 'n uitsonderlike voedingsprofiel wat dit ideaal maak vir intensiewe melk- en vleisproduksiestelsels. 'n Goed gevestigde lusernland kan talle snysels per jaar lewer (onder besproeiing is 4 tot 8 snysels haalbaar), wat lei tot hoë droëmateriaalopbrengste.

Benewens die produksie van voer, verbeter lusern ook die grond se vrugbaarheid deur stikstofbinding – 'n waardevolle voordeel vir daaropvolgende gewasse in 'n rotasiestelsel.

Onkruid is egter geneig om sterk met lusern mee te ding. Hierdie indringerplante kompeteer vir water, voedingstowwe en lig, wat die groei en opbrengs aansienlik kan beperk. Sekere breëblaaronkruid kan boonop ook die kwaliteit van lusernhooi verswak deur giftige of onsmaklike materiaal in die bale te laat beland.

In jong lusernlande kan vinniggroeiende onkruid saailinge oorrompel en oop spasies vul, wat 'n dunner lusernstand en 'n korter lewensduur van die weiding tot gevolg het. Effektiewe onkruidbeheer van die begin af is dus krities om die produktiwiteit en volhoubaarheid van 'n lusernland te verseker.

Algemene onkruid in lusernweidings

Die breëblaaronkruid en eenjarige grasse wat lusern teister, verskil van streek tot streek, maar bly een van die belangrikste oorsake van opbrengsverliese. Algemene eenjarige grasse sluit in wildehawer (*Avena fatua*), raaigras (*Lolium spp.*), osgras (*Eleusine spp.*) en opslagkoring (*Triticum aestivum*).

Onder die breëblaaronkruid wat dikwels in lusern opduik, tel misbredie (*Amaranthus hybridus*), ramenas (*Raphanus raphanistrum*), geelsurings (*Oxalis pes-caprae*) en dubbeltjies (*Emex australis*). Hierdie en ander onkruid kan binne enkele weke 'n digte mat vorm indien hulle onbeheerd gelaat word.

Tydigheid is krities: Baie van hierdie onkruidspesies se lewensiklusse is baie kort en indien hulle toegelaat word om sade te vorm, kan die saadbank in die grond opbou en toekomstige infestasies vererger. Daarom is proaktiewe en gereelde onkruidbeheer deur die seisoen noodsaaklik.

Moximum 40 SL – 'n doelgerigte oplossing

Moximum 40 SL is 'n selektiewe onkruiddoder wat ontwerp is om beide breëblaar- en grasonkruid in peulgewasweidings sowel as in Clearfield®-kanola te beheer. Die produk bevat 40 g/L imazamoks (imidazoliënoen) as aktiewe bestanddeel en word as 'n oplosbare konsentraat geformuleer.

Werking: Om blaaronname te optimaliseer, moet Moximum 40 SL as 'n na-opkoms-toediening op aktief groeiende onkruid gemaak word. Van daar word die produk na die plant se groeipunte en wortels getranslokeer, waar dit die asetolaktaat-sintase-ensiem (ALS) inhibeer. Binne enkele dae begin vatbare onkruid geel verkleur en vrek uiteindelik af, of hul groei stagneer sodanig dat hulle nie meer met die lusern kan meeding nie. Hierdie sistemiese werking is veral belangrik om meerjarige onkruid en hardnekkige wortelstelsels aan te pak en hergroei tot 'n minimum te beperk.

Spektrum: Moximum 40 SL bied doeltreffende beheer oor 'n wye reeks algemene onkruid in lusernweidings. Vir maksimum effektiwiteit moet vatbare onkruid tydens bespuiting steeds in 'n vroeë groeistadium wees, tipies 2- tot 4-blaarstadium vir grasse, of voordat breëblaaronkruid ongeveer 15 cm hoog word, afhangend van die spesie. Tydigheid is daarom van kardinale belang!

Selektiwiteit en gewasveiligheid: Sodra lusern die derde trifoliate-stadium bereik het, kan Moximum 40 SL bo-oor die gewas toegedien word. Hierdie tydskerekening verseker dat lusern voldoende gevestig is om die behandeling te hanteer, terwyl onkruid steeds in 'n vroeë, meer vatbare groeistadium verkeer. >>





'n Enkele toediening per seisoen is normaalweg voldoende vir eenjarige weidings. Omdat lusern egter 'n meerjarige gewas is wat herhaaldelik gesny word, laat die etiket toe dat meer as een bespuiting per jaar gedoen mag word. In die praktyk kan 'n tweede toediening ná 'n vroeë of middelseisoen-snyssel gemaak word om nuwe onkruid te beheer, terwyl die lusern steeds kort is. Dit bied boere waardevolle buigsaamheid om hardnekkige onkruid deur die seisoen te bestuur.

Dit is noodsaaklik om die etiket se voorskrifte streng na te kom. Omdat imazamoks 'n residuele werking in die grond het, moet daar ook aan die voorgeskrewe wagperiodes voldoen word voordat opvolggewasse geplant mag word. Byvoorbeeld, koring mag eers 6 maande ná 'n Moximum-behandeling op dieselfde land gesaai word, terwyl ander gewasse langer wagperiodes vereis.

Gelukkig is daar geen wagperiode om lusern self of ander peulgewasse te plant nie as gevolg van hierdie gewasse se uitstekende selektiwiteit teenoor die aktiewe bestanddeel.

Die sleutel: Tydigheid en volgehoue bestuur

Suksesvolle onkruidbeheer in lusern word bepaal deur tydige ingryping en konsekwente bestuur. Lande moet gereeld gemonitor word, veral vroeg in die groeiseisoen en ná elke snyssel, wanneer nuwe onkruid 'n vastrapplek kan kry.

Proaktiewe beheer met die regte produk op die regte tyd hou jou lusernlande gesond, verhoog die waarde van hierdie kosbare gewas en beskerm jou belegging. Onkruidbeheer vereis beplanning en dissipline, maar die beloning is duidelik en tasbaar. Moximum 40 SL bied daarom 'n betroubare, doeltreffende en kragtige oplossing om onkruid hok te slaan, sodat jou groen goud skoon en produktief bly.

BELANGRIKE INLIGTING: MOXIMUM 40 SL - Suid-Afrika Reg. nr: L11630 Wet nr. 36 van 1947.
AKTIEWE BESTANDDEEL: Imazamoks (imidazoliënoon) 40g/L.
ENVIRO BIO-CHEM Reg houer: Enviro Crop Protection (Pty) Ltd, Reg. nr: 2007/027855/07.
 Kerkstraat44, Lichtenburg, NW, Suid-Afrika, Tel: +27 87 231 7261. www.envirobiochem.co.za

PLANTVOEDING

Gepatenteerde boor- en kaliumtegnologie



Die belangrike rol van boor en kalium in plantgroeï word uitgelig, asook hoe OK as 'n unieke, hoogs opneembare produk hierdie essensiële voedingstowwe doeltreffend aan gewasse verskaf.

Enkelmolekule van boor en kalium

Kaliumoktaboraat (K₂B₈O₁₃)

Boor (B) 19,4%

Kalium (K₂O) 18,0%

Registrasienommer: B6809. Wet 36 van 1947.

- Boor is noodsaaklik vir seldeling, bestuiwing, vrugset, stikstofmetabolisme en proteïensintese.
- Boor verhoog suikertranslokasie en weerstand teen koue, insekte en opberging.
- Kalium reguleer ensiemaktiwiteit, handhaaf turgordruk en verminder verwelking van blare op gewasse.
- Kalium bevorder ook proteïensintese.

OK is 'n natrium-, sulfaat-, suur- en chloorvrye produk. OK is hoogs oplosbaar en opneembaar. Omdat OK 'n enkel molekule is van boor en kalium, word die boor deur die plant versprei, as gevolg van die kalium wat die boor saam trek.



Unieke eienskappe van OK

- Verbeter blomvorming en bestuiwing.
- Verskaf 2 essensiële voedingstowwe gelyktydig.
- 36 maande-rakleefyd.
- Beskerm boor teen logging in die grond.
- Maak boor meer beweeglik in die plant.
- Hoë konsentrasie voedingstowwe, lae toedieningsdosis. Dosis: 250 g tot 1 kg/ha afhangend van die gewas.

⁵ B ¹⁹ K

"Boron and potassium have a synergic action on the synthesis and translocation of carbohydrates. Their combined application via leaves stimulates the boron absorption, compared to the single application, increasing the yield."
 Howard et al. 1998

Kontak Bancella vir meer inligting by info@bancella.com | www.bancella.com

VERWYS NA DIE ETIKET VOOR GEBRUIK.

Versprei deur Bancella South Africa (Pty) Ltd. Adres: Millburnstraat 22, Rynfiled, Benoni, Gauteng, 1501, Suid-Afrika
 Tel: +230 483 5347/011 849 1310 Besigheidsregistrasienommer: 2018/225862/07

How temperature and climate shape the use of beneficial insects in IPM programmes

Ruhann van der Walt
BioBee



Beneficial insects are living organisms, which means that they can be directly impacted by environmental conditions.

Taking this into consideration when implementing beneficial insects in a pest control programme is extremely important, and it can determine if the beneficials will be able to control the intended pests. Each beneficial insect, whether it is predatory mites, parasitoids, or predatory beetles, is impacted.

Climatic conditions such as temperature, relative humidity, rainfall, moisture, wind, air movement, and even seasonal pattern changes can have an impact on the survival, movement, feeding activity, life cycles, and reproduction of these beneficial insects.

Temperature

Temperature is an abiotic environmental factor that affects beneficial insects' behaviour and survival. Beneficial insects are ectothermic organisms and rely on the ambient temperature to regulate their metabolic processes. Image 1 illustrates an example of the upper and lower limits that can be seen for the parasitoid *Anagyrus vladimiri*, or better known as BioAnagyrus, a parasitoid used for the control of certain species of mealybug.

The lower threshold is 13 °C, which means that at ±13 °C, beneficial activity is at a minimum, and the development of the beneficial insect stops. At ±38 °C, the upper threshold is met, which means that at that temperature, the beneficial activity will decline drastically, or it can be lethal to the beneficial insect.

Temperature & development

| Temperature (°C) | Development time (days) |
|------------------|-------------------------|
| 17,5 | 40,5 |
| 20 | 29 |
| 24 | 16,8 |
| 26 | 14 |
| 30 | 11,6 |
| 35 | 10,5 |
| 40 | lethal (Tingle, 1985) |

Lower Threshold = 13 °C | Upper Threshold = 38 °C

Image 1: Temperature & development time of the parasitoid *Anagyrus vladimiri*.



Developmental stages of a *BioAnagyrus pupae*.

Between the lower threshold and the upper threshold, there is an optimal temperature range for the beneficial insects. In this case, BioAnagyrus has an optimal temperature of 25 °C for development. This optimal developing temperature is where the most successful development, the best survival rate, and the best chance for successful reproduction are. This shows how temperature can influence the survival of the insects but also the reproduction of the insects.

When the temperature goes up, the development times go down. Each of the many beneficial insects in the world has its own ratio. Temperature will have an effect on how fast and effectively the insects will establish a population big enough to control the intended pest infestation. The longer the life cycle takes, the slower the population will grow, and as a possible result, lower or no control will take place.

This means that the performance of the beneficials is impacted by temperature, which means that at the end of the day, it has an impact on the effectiveness and results of the beneficials used. This is only one example of many that show what factors of temperature have an effect on the beneficials. And that the factors should be taken into consideration when planning to use beneficials in an IPM programme.

Ambient vs. actual temperature

With the above-mentioned in mind, it is also important to note that there is a difference between ambient and the actual temperatures measured. Ambient temperature refers to the general air temperature measured in open, unobstructed areas, while actual temperatures within orchards reflect the microclimate created by tree canopies, soil conditions, and orchard layout. Within tree canopies, temperatures can be several degrees cooler than ambient readings due to shading and evapotranspiration.

These microclimate effects influence fruit development, irrigation needs, and also the **life cycles of beneficial insects**. It can often be observed that the actual temperature within the tree canopy could be as much as 5 °C cooler, meaning that even on a hot 40 °C day, the cooler temperatures within the tree canopy ensure the beneficial insects are still active.

Relative humidity is another environmental factor that impacts beneficials. Temperature and relative humidity are closely linked and

Temperature & development

| Temperature (°C) | Development time (days) |
|------------------|-------------------------|
| 18 | 72 |
| 21 | 54 |
| 27 | 33 |
| 30 | 25 |

Image 2: Temperature and development time of *BioCryptolaemus*.



Visual representation of different life cycle stages of *BioCryptolaemus*.

together have an influence on the microclimate that the beneficials experience.

For many beneficial insects, especially small-bodied species like parasitoids and predatory mites, low relative humidity can lower their activity, survival, and egg viability.

Why is this important?

This is important because the aim of using beneficial insects in an IPM programme is to successfully control the targeted pest.

Understanding the effects of temperature is critical when planning for the season. Temperature and environmental conditions will impact the timing of applications; releasing beneficials in unfavourable conditions can lead to poor establishment and can be the cause of inadequate pest control.

By becoming more aware of the role that environmental conditions in IPM-focused programmes play, producers can better understand how to incorporate beneficials to increase the effectiveness of these programmes.

Weerstand teen insekdoders

Riaan Maartens
Besigheidsbestuurder, Laeveld Agrochem



Landbou het vir dekades lank staat gemaak op chemiese plaagdoders om gewasse te beskerm. Oor die laaste 20 jaar het die ontwikkeling van biologiese plaagdoders egter aansienlik toegeneem. Die skatting is dat die globale biologiese plaagdodermark sal groei van \$8,5 miljard in 2024, tot \$36,9 miljard in 2033. Ten spyte van hierdie groei in biologiese beheer, bly chemiese plaagbeheer krities belangrik in moderne landbou om voedselsekureit te verseker.

Die aantal beskikbare chemiese plaagdoders het oor die laaste jare drasties afgeneem. Regulatoriese vereistes vir nuwe chemiese plaagdoders word al strenger, wat beteken dat al minder nuwe aktiewe bestanddele die mark bereik. Dit het tot gevolg dat produkte baie langer neem om te ontwikkel en verhoog die koste daarvan. Baie lande, insluitend Suid-Afrika, het ook reeds die Globaal Geharmoniseerde Stelsel vir die klassifikasie en etikettering van chemikalieë (GHS) geïmplementeer. Hierdie stelsel beklemtoon die toksikologiese gevare van plaagdoders en het indirek gelei tot die uitfasering van baie van die bestaande middels tot boere se beskikking.

'n Ander belangrike faktor wat chemiese plaagdoders vinnig verminder, is die ontwikkeling van weerstandbiedendheid.

Insekdoders, swamdoders en onkruidodders word almal hierdeur geraak. Vir die doel van hierdie artikel word hoofsaaklik op insekdoders gefokus.

Weerstand teen 'n insekdoder kan gedefinieer word as mislukte beheer van 'n insek- of mytpopulasie, al word die bepaalde insekdoder herhaaldelik, volgens etiketaanbevelings en onder die regte toestande toegedien.

Die laaste deel van hierdie definisie is baie belangrik, aangesien baie ander faktore die sukses van 'n toediening kan beïnvloed. Producente vermoed dikwels weerstand, terwyl swak toediening die grootste oorsaak van onvoldoende beheer is.

Weerstand is nie 'n nuwe probleem nie. Die eerste rekord daarvan is reeds in 1914 in die tydskrif, "Journal of Economic Entomology", gepubliseer. In die daaropvolgende 32 jaar is 'n verdere 11 gevalle van weerstand teen insekdoders aangeteken. Tydens die tweede helfte van die 20ste eeu, is die bekendstelling van amper alle nuwe insekdoders gevolg deur gevalle van weerstand binne 2 tot 20 jaar nadat 'n produk in gebruik geneem is.

Wêreldwyd is daar nou reeds meer as 500 insek- en mytspesies wat weerstandig is teen een of meer insekdoders.

Meganismes wat aanleiding gee tot insekdoderweerstand

In 'n insekpopulasie is daar individue wat in staat is om die toediening van 'n spesifieke insekdoder te oorleef as gevolg van mutasies in hul DNS.

Langdurige en gereelde blootstelling aan die bepaalde insekdoder selekteer vir sulke individue en oor tyd kan hul nageslag die populasie heeltemal oorneem wat aanleiding gee tot 'n plaagpopulasie wat weerstandbiedend is teen die hele insekdodergroep.

Meganismes wat weerstand in insekte kan veroorsaak

Metaboliese weerstand – dit behels die detoksifikasie of afbraak van die insekdoder deur ensieme of die vermoë om die insekdoder vinnig uit te skei. Hierdie is die mees algemene meganisme van weerstand. Die ensieme verantwoordelik in hierdie proses het dikwels ook 'n breë spektrum, wat hulle in staat stel om verskeie insekdoders, met verskillende metodes van werking, oneffektief te maak.

Veranderde teikenweerstand – hierdie is die tweede mees algemene vorm van weerstand. Dit behels 'n verandering in die struktuur van die reseptor of ensiem waaraan die insek-

dodermolekuul moet bind met die gevolg dat beheer nie meer verkry word nie.

Penetrasieweerstand – word veroorsaak deur 'n verandering aan die insek se kutikula wat tot gevolg het dat die insekdoder nie maklik opgeneem kan word nie. Hierdie meganisme van weerstand kom selde alleen voor en word dikwels gekombineer met ander meganismes.

Gedragweerstand – waar 'n verandering in insekgedrag veroorsaak dat die insek nie meer genoegsaam in kontak kom met die insekdoder nie. Die insek sal byvoorbeeld ophou voed en die plant of area verlaat wanneer dit die insekdoder waarneem. >>





Die verskil tussen weerstand en 'n verskuiwing in sensitiwiteit

Dit is belangrik om te onderskei tussen weerstand en 'n verskuiwing in sensitiwiteit. 'n Verskuiwing in sensitiwiteit word gekenmerk deur 'n herhaalde afname in effektiwiteit wanneer die insekdoder korrek en volgens geregistreerde dosis toegedien word. Dit kan sigbaar wees as bloot 'n kleiner persentasie van die insekpopulasie wat beheer word, of deurdat die insekte meetbaar langer neem om te vrek.

'n Verhoging in dosis het dan dikwels tot gevolg dat effektiwiteit weer terugkeer na die normale vlak van beheer waaraan die produsent gewoon was. Algehele weerstandbiedendheid van 'n insekpopulasie, word dikwels vooraf gegaan deur 'n geleidelike verskuiwing in sensitiwiteit waartydens al swakker beheer verkry word.

'n Verskuiwing in sensitiwiteit moet dus gesien word as 'n vroeë waarskuwing teen weerstand en is soms omkeerbaar deur vir 'n tyd lank op te hou om die bepaalde insekdoder, asook ander insekdoders met dieselfde metode van werking, te gebruik.

Weerstandbiedendheid word gewoonlik vermoed as gevolg van herhaaldelike swak beheer met 'n insekdoder, maar dit is baie moeilik om weerstandbiedendheid te bevestig. Om weerstandbiedendheid wetenskaplik te bewys, moet daar 'n basislyn van vatbaarheid bekend wees vir die plaagspesie. Sonder 'n basislyn kan gewoonlik net aangedui word dat populasies 'n vermindering in sensitiwiteit toon vir 'n bepaalde insekdoder. Volledige weerstandbiedendheid teen 'n insekdoder moet ten alle koste vermy word, aangesien dit meestal nie weer omgekeer kan word nie.

Voorkoming van weerstand en wat om te doen as 'n verskuiwing in sensitiwiteit vermoed word

Afwisseling van insekdoders

Chemiese insekdoders word ingedeel in sogenaamde IRAC (Insecticide Resistance Action Committee)-groepe op grond van hul metode van werking. Elkeen van hierdie groepe het 'n unieke nommer wat bo-aan 'n produk etiket aangedui moet word en lyk gewoonlik as volg:

GROUP 1A INSECTICIDE

Wanneer 'n verskuiwing in sensitiwiteit vermoed word, kan die dosis nie net verhoog word om beheer te verkry nie. Onthou dat dit 'n gevaarteken is dat weerstand besig is om te ontwikkel. Om die dosis te verhoog is net 'n tydelike oplossing, maar selekter vir individue wat selfs nog meer in staat is om daardie insekdodergroep te oorleef.

So 'n insekdoder moet eerder afgewissel word met produkte vanuit verskillende IRAC-groepe, sodat opeenvolgende generasies van die plaag nie heelyd aan dieselfde groep blootgestel word nie. Dit is ideaal om slegs een generasie bloot te stel aan 'n IRAC-groep en dan minstens twee generasies oor te slaan voordat dieselfde IRAC-groep weer gebruik word. Kennis van insekte se lewensiklus is dus baie belangrik – op insekte met 'n vinnige siklus kan 'n IRAC-groep gouer herhaal word, terwyl daar langer gewag moet word waar insekte met 'n lang lewensiklus betrokke is. Maak ook seker van beperkings op produkte se etikette rakende die totale aantal toelaatbare toedienings per seisoen.

Grond-toegediende insekdoders is dikwels meer vatbaar vir weerstand. Weens die lang residuele werking wat sommige van hierdie produkte bied, word verskeie opeenvolgende generasies aan dieselfde chemiese groep blootgestel en elke generasie se blootstelling is aan 'n laer dosis. Moet dus nie uitsluitlik op sulke produkte se werking staat maak nie, al is die beheer aanvanklik goed. Inkorporeer betyds produkte met 'n ander metode van werking om weerstand te bestuur.

Deeglike toediening

Swak toediening is in baie gevalle die oorsaak van 'n afname in beheer. Onvoldoende bedekking weens spuite wat nie reg gekalibreer is nie, gebrekkige snoeipraktyke en verkeerde dosisse is alles bydraend tot swak toediening. Tydsberekening van toedienings is net so belangrik, maak dus seker die regte lewenstadium van die insek word geteiken. Reën of oorhoofse besproeiing te gou na toediening kan ook beheer negatief beïnvloed.

Herhaaldelike swak toedienings is een van die grootste redes vir 'n verskuiwing in sensitiwiteit en gevolglik weerstand.

Tenkmengsels

Tenkmengsels word gereeld gebruik om verskillende plaë met 'n enkele bespuiting te beheer. In sommige gevalle kan tenkmengsels egter een of meer van die produkte se werking in so mate beïnvloed dat dit swak beheer tot gevolg het. Wees dus bewus van beperkings wat op produk etikette aangedui word rakende die mengbaarheid en verenigbaarheid met ander produkte.

Wanneer produsente sukkel om beheer te kry met 'n insekdoder, kombineer hulle dit dikwels ook met 'n ander produk om effektiwiteit te verbeter. Dit is egter nie altyd 'n goeie strategie nie. Indien die ander produk op sy eie baie effektief is, stel dit die ontwikkeling van weerstand uit, maar spreek nie die probleem aan nie. Indien die ander produk swak beheer op sy eie verskaf, kan dit selfs gouer weerstand tot gevolg hê.

Monitering en ekonomiese drempelwaardes

Deeglike en gereelde monitering van insekplae is belangrik om te verseker dat insekdoders betyds, maar nie onnodig toegedien word nie. Dit is ook noodsaaklik om voordelige insekpopulasies dop te hou en seker te maak dat die insekdoders wat gebruik word, nie nadelig is vir hulle nie. Die beskerming van natuurlike roof- en parasitiese insekte en -myte kan 'n groot rol speel in die suksesvolle beheer van 'n plaag.

Vir sommige insekplae bestaan daar ekonomiese drempelwaardes wat produsente kan help om te besluit op watter stadium om beheer toe te pas. Sommige chemiese insekdoders word egter aanbeveel om slegs te gebruik wanneer die populasiedruk nog baie laag is. Wees dus bewus van sulke beperkings op 'n produk se etiket en moenie te lank wag voor toediening nie.

Geïntegreerde plaagbeheer

'n Geïntegreerde benadering behels die gebruik van chemiese insekdoders, biologiese beheermaatreëls, sowel as kulturele plaagbeheer. Dit is veral die laasgenoemde waarvan die waarde dikwels onderskat word. Dit sluit tegnieke in soos wisselbou, verwydering van gewasafval en -reste, die plant van variëteite wat minder vatbaar is vir plaë, asook die plant van geneties gemanipuleerde gewasse.

Waterkwaliteit

Waterkwaliteit is krities belangrik en word dikwels nie in ag geneem nie. Opgeloste soute in die spuitwater, veral Ca^{2+} - en Mg^{2+} -ione, bind aan sekere plaagdodermolekules wat swak beheer tot gevolg het. HCO_3^- is net so belangrik en is dikwels verantwoordelik vir 'n verhoging in pH, nog 'n faktor wat insekdodereffektiwiteit negatief kan beïnvloed. Na^+ , Fe^{2+} , Fe^{3+} , Mn^{2+} en selfs Cl^- en SO_4^{2-} is minder gereeld 'n probleem, maar kan steeds 'n effek op sekere plaagdoders hê. Die gebruik van byvoegmiddels wat soute bind en die pH regstel, word sterk aanbeveel.

Slotgedagte

Weerstand teen plaagdoders is 'n weselike bedreiging vir produsente se volgehoue bestaan en vir voedselsekureit in ons land.

Daar rus 'n groot verantwoordelikheid op alle rolspelers in landbou se skouers, om verantwoordelik op te tree met plaagdoders. Verantwoordelik, nie net in terme van veiligheid vir mense en die omgewing nie, maar ook in terme van die voorkoming van weerstand teen plaagdoders.

Hoë-pH gronde: 'n Unieke oplossing vir pekanneute

Unieke uitdaging

Die pekanneutbedryf in Suid-Afrika groei vinnig, maar streke soos Prieska in die Noord-Kaap bied unieke uitdagings wat optimale boomgroei en opbrengspotensiaal beperk. Die streek word gekenmerk deur alkaliese gronde, hoë bikarbonaatvlakke in besproeiingswater, uiterste hitte en droë winde wat verdamping verhoog. Hierdie omstandighede lei tot vaslegging van beide mikro- en makro-elemente soos yster (Fe), sink (Zn), mangaan (Mn), boor (B) en fosfaat (P) wat hul plantbesikbaarheid verlaag (Stevenson 1994; Tan 2003).

Nuwe oplossing – unieke kombinasie-produk

